**H/S MONTAGU:** ***POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: 0865447251***
***EPOS:mhsadmin@barvallei.co.za WEBWERF: www.hsmontagu.co.za***

Geagte Ouers/Voogde

**MOONTLIKE INSKRYWING: 2018**

Ek wil u graag uitnooi om hierdie prospektus te bestudeer en u kind by Hoërskool Montagu in te skryf. As die **Dinaledi Wiskunde en Wetenskap Fokusskool** van die streek, is daar ‘n duidelike fokus op laasgenoemde vakke. Die skool bied egter ook, in lyn met ons visie en in belang van al ons leerders, ‘n opvoedingspakket met 'n baie wye vakkeuse en 'n uitgebreide buitemuurse program aan.

Die skool beskik oor die dienste van een-en-twintig ten volle opgeleide, ervare vakonderwysers wat baie min wissel. Oor die afgelope tien jaar behaal meer as 60 leerders A-gemiddeldes en ontvang die skool twee maal ‘n ministeriële toekenning vir akademiese uitnemendheid. In die afgelope twintig jaar se Senior Sertifikaat-eksamen het ons negentien jaar 'n 100%-slaagsyfer behaal. Talle leerders behaal A-simbole in vakke en vakgemiddeldes is deur die bank ver bo die gemiddeldes van die provinsie. U kind sal beslis op akademiese gebied onderrig, aanmoediging en stimulering van hoogstaande gehalte kry.

Benewens akademiese bedrywighede, presteer die skool op vele ander terreine. Op sportgebied lewer die skool gereeld provinsiale spelers. Oor die afgelope vyf jaar verwerf meer as 50 leerlinge provinsiale kleure in ‘n verskeidenheid van sport en kultuuraktiwiteite. Die skool bied 'n uitgebreide buitemuurse program aan in die vorm van 'n groot verskeidenheid sportsoorte en kultuuraktiwiteite. Van hierdie aktiwiteite is uniek aan Hoërskool Montagu. Die skool beskik oor twee goed toegeruste rekenaarsentrums. Alle leerders het toegang tot die rekenaarsentrums, e-pos en die internet.

Die Hoërskool Montagu is 'n goed georganiseerde skool waar goeie dissipline gehandhaaf word en waar, buiten akademiese onderrig en buitemuurse bedrywighede, lewenswaardes by leerlinge ingeskerp word. Die missie van ons skool is om leerlinge deur Christelike opvoedende onderwys te lei tot volwassenheid. Die leuse van die skool is: ***"Sonder God is alles tevergeefs".***

Die inligting wat hier verskaf word, is baie bondig en u word aangemoedig om 'n afspraak te maak met die skoolhoof, indien u meer duidelikheid oor enige aspek van die skool verlang. Ons wil u graag ontmoet. Besoek ook gerus ons webwerf: ***www.hsmontagu.co.za*** vir meer inligting.

Vriendelike groete

Mnr Tertius Prins
SKOOLHOOF

**H/S MONTAGU:** ***POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: 0865447251***
***EPOS:mhsadmin@barvallei.co.za WEBWERF: www.hsmontagu.co.za***

# HOëRSKOOL MONTAGU

## ONS WAARDES

Ons dien die Drie-Enige God en gee Sy Woord 'n ereplek in ons lewe
Ons dien ons taal, ons nasie en ons land
Ons dien ons gemeenskap en medemens
Ons gehoorsaam ons ouers en meerderes
en tree met respek teenoor hulle op
Ons stry 'n stryd vir die behoud van die goeie
en streef die ontwikkeling van 'n Christelike karakter na
Ons woord is ons eer
Ons dien ons skool en streef daarna om sy goeie naam uit te bou
Ons streef daarna om eerlik, opreg, getrou en vriendelik te wees
Ons jaag wysheid en kennis na
Ons glo dat om die Here te dien en die kwaad te vermy
die beginsel van wysheid is
Ons eerbiedig die leuse van ons skool
"Sonder God is alles tevergeefs"

## V I S I E

'n Skoolomgewing waarin die potensiaal van almal op geestelike, akademiese, kulturele en sportgebied optimaal verwesenlik kan word en leerlinge in hul totaliteit kan ontwikkel.

## M I S S I E

Die missie van Hoërskool Montagu is om elke leerling deur goeie, gebalanseerde, Christelike opvoedende onderwys op doelgerigte en planmatige wyse met behulp van Afrikaans as voertaal te begelei tot volwassenheid sodat hy/sy eendag sy/haar plek in die samelewing op 'n verantwoordelike wyse sal kan inneem.

**H/S MONTAGU:** ***POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: 0865447251***
***EPOS:mhsadmin@barvallei.co.za WEBWERF: www.hsmontagu.co.za***

## 1.1 TOELATING: H/S MONTAGU: TOELATINGSBELEID VAN LEERDERS

**Toelatingsbeleid van die Hoërskool Montagu, ingevolge Artikel 5 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)**

### 1.1 Algemeen

Hierdie toelatingsbeleid is addisioneel tot die Grondwet van die Beheerliggaam en die Gedragskode van bogenoemde skool.

### 1.2 Aansoek om toelating

- 'n Aansoek sal net oorweeg word, indien die wettige ouer/voog die skool voorsien van:
  - 'n volledig voltooide aansoekvorm,
  - 'n amptelike geboortesertifikaat of ID van die aansoeker en die ID's van die biologiese ouers of voog/de
  - en die oorspronklike, mees onlangse skoolrapport, van die aansoeker.

**Indien enige van bogenoemde ontbreek, sal die aansoek as onvolledig beskou word word.**

### 1.3 Beginsels vir toelating

Die Beheerliggaam van hierdie skool aanvaar die volgende beginsels as riglyne vir toelating van leerders:

1.3.1 As Dinaledi Wiskunde en Wetenskap Fokusskool word daar voorkeur gegee aan leerders wat oor die vermoë beskik om Wiskunde en of Fisiese Wetenskappe en of Lewenswetenskappe as vakke met sukses te kan neem tot in graad 12. Daar kan dus ingevolge gronde vir regverdige diskriminasie wees rakende toelating en kan die punte wat behaal word in provinsiale toetse gebruik word om geskiktheid vir toelating te bepaal.

1.3.2 Alhoewel die voedingsarea van hierdie skool primêr die Montagu-, Ashton- en Koo-omgewing is, kan leerders op grond van hulle akademiese potensiaal in bogenoemde vakke uit 'n groter gebied tot die skool toegelaat word.

1.3.3 Voorkeur word gegee aan leerders wat nie meer as 18 maande ouer is as die normale ouderdom van die leerlinge in die betrokke graad nie.

1.3.4 Die Beheerliggaam behou hom die reg voor om 'n perk te plaas op klasgroottes en leerlinge toelating te weier wanneer 'n betrokke graadgroep reeds in so 'n mate beset is, dat daar nie meer leerlinge tot daardie graad toegelaat kan word nie (met inagneming van die fisiese geriewe beskikbaar en die onderwyser-leerling verhouding soos deur die Wes-Kaapse Departement van Onderwys neergelê word as norm).

1.3.5 Leerders wat hulle voorheen skuldig gemaak het aan, of ondersoek word vir die pleging van 'n ernstige oortreding, en/of tydelik of permanent uit 'n ander skool gesit is, of hulle voorheen skuldig gemaak het aan optrede wat skade en/of beserings aan leerders of opvoeders tot gevolg gehad het, kan toelating geweier word.

**H/S MONTAGU:** ***POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: 0865447251***
***EPOS:mhsadmin@barvallei.co.za WEBWERF: www.hsmontagu.co.za***

### 1.4 Toelatingsprosedure

'n Volledige aansoek soos uiteengesit in Afdeling 1.2 van die Toelatingsbeleid, moet deur die wettige ouer/voog persoonlik by die administratiewe kantoor van die skool ingedien word vir kontrole. Die skool erken die aansoek eers nadat kontrole plaasgevind het en die aansoek in die Aansoekregister van die skool aangeteken is en 'n ontvangserkenningsnommer aan die aansoeker uitgereik is. Hierna word die aansoek verwerk en word daar terugvoering aan die aansoeker gegee oor die status van sy/haar aansoek. Dit is baie belangrik om daarop te let dat aansoek om toelating nie toelating tot die skool verseker nie. Toelating tot hierdie skool is eers gefinaliseer, nadat daar skriftelik 'n plek aan 'n leerder aangebied is en die registrasie van die leerder afgehandel is. Die aansoek van 'n leerder word slegs oorweeg, nadat die skool voorsien word van 'n rapport wat aandui dat die aansoeker voldoen aan die slaagvereistes om na die betrokke graad te vorder.

### 1.5. Taalbeleid: Die Taalbeleid van die Hoërskool Montagu ingevolge Artikel 6 van die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 (Wet 84 van 1996).

#### 1.5.1 Algemeen

Die taalbeleid is addisioneel tot die Reglement van Orde van Hoërskool Montagu.

#### 1.5.2 Beginsels vir Taalbeleid

Die volgende beginsels geld as riglyne vir die taalbeleid van hierdie skool:

- Elke persoon het die reg van toegang tot basiese opvoeding en van toegang tot 'n skool.
- Geen vorm van diskriminasie sal in die uitvoering van hierdie beleid plaasvind nie.
- Die medium van onderrig by hierdie skool is Afrikaans, uitgesonderd onderrig in die vak Engels.
- Anderstalige leerders kan wel toegelaat word met dien verstande dat hulle hul vakonderrig deur middel van medium Afrikaans ontvang.

### 1.6 Beleid: Godsdiensbeoeffening: Die beleid van die Hoërskool Montagu ingevolge Artikel 7 van die Suid-Afrikaanse Skolewet van 1996 (Wet 84 van 1996).

#### 1.6.1 Algemeen

Die taalbeleid is addisioneel tot die Reglement van Orde van die Hoërskool Montagu.

#### 1.6.2 Beginsels vir Godsdiensbeoffening

Die Beheerliggaam van hierdie skool aanvaar die volgende beginsels as riglyne vir godsdiensbeoeffening by hierdie skool:

- Die missie van die skool is om leerlinge deur Christelike opvoedende onderwys te lei tot volwassenheid.
- Die Christelike godsdiens word dus as uitgangspunt gebruik tydens saalbyeenkomste, CSV en ander geleenthede waar Godsdiensbeoeffening plaasvind.

**H/S MONTAGU:** ***POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: 0865447251***
***EPOS:mhsadmin@barvallei.co.za WEBWERF: www.hsmontagu.co.za***

- Die bywoning van hierdie geleenthede waar Gosdiensbeoffening plaasvind is vry en vrywillig. Leerders en personeel wat 'n grondige beswaar het, kan verskoon word nadat daar reëlings met die skoolhoof getref is.

### 1.7 Skoolgelde

Die skool is 'n skoolgeldbetalende skool. Skoolgeld is onderhewig aan verandering. Die verpligte skoolgeld vir 2017 beloop R7450,00 per jaar per kind. Finansiële ondersteuning is beskikbaar vir ouers wat daarvoor kwalifiseer.

## 2. AKADEMIES

### 2.1 LEERAREAS AANGEBIED VIR DIE ALGEMENE ONDERWYS-FASE

**GRAAD 8 & GRAAD 9**

1. Taalgeletterdheid & Kommunikasie (Afrikaans en Engels)
2. Mens- & Sosiale Wetenskappe
3. Tegnologie
4. Wiskundige geletterdheid
5. Natuurwetenskappe
6. Kuns & Kultuur
7. Ekonomiese & Bestuurswetenskappe
8. Lewensoriëntering

### 2.2 VAKKE AANGEBIED VIR DIE VERDERE ONDERWYS-FASE

**GRAAD 10 TOT 12**

*Verpligte vakke*:

1. Afrikaans Huistaal
2. Engels Huistaal / Engels Eerste Addisionele Taal
3. Wiskunde / Wiskundige Geletterdheid
4. Lewensoriëntering

*Keusevakke (Kies 3 vakke):*

5. Fisiese Wetenskappe OF Geskiedenis OF Besigheidstudies
6. Lewenswetenskappe OF Rekenaartoepassingstegnologie OF Ingenieursgrafika
7. Rekeningkunde OF Aardrykskunde

*Ekstra vakke(Bykomende onkoste en onderworpe aan keuring)*

8. Rekenaartoepassingstegnologie, Geskiedenis, Musiek en Kuns word as ekstra vakke vanaf Graad 10 aangebied

**H/S MONTAGU:** ***POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: 0865447251***
***EPOS:mhsadmin@barvallei.co.za WEBWERF: www.hsmontagu.co.za***

## 3. ANDER BELANGRIKE GEGEWENS

### 3.1 REKENAARSENTRUMS

Die Hoërskool Montagu plaas 'n baie hoë premie op rekenaaronderrig en rekenaargeletterdheid. Die skool beskik oor twee moderne rekenaarsentrums, naamlik ‘n Dinaledi Wiskunde en Wetenskap Rekenaarlaboratorium en ‘n vak rekenaarsentrum. Hierdie sentrums is beskikbaar vir die gebruik van al die leerders. Leerders kan 'n eie e-posadres kry en het ook toegang tot die Internet. Vanaf Graad 10 word Rekenaartoepassingstegnologie as eksamenvak aangebied.

### 3.2 MUSIEK

UNISA se musiekeksamens word deur die WKOD erken as 'n eksamenvak. Leerders wat UNISA Musiek (graad 4) voltooi het, ontvang erkenning vir Graad 10 Musiek, UNISA Musiek (graad 5 en hoër) vir Graad 11 Musiek en UNISA (graad 6 en hoër) vir Graad 12 Musiek.

## 4. BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE

Deelname aan buitemuurse bedrywighede word vergemaklik deurdat die meerderheid van die bedrywighede op 'n Dinsdag en Donderdag direk na afloop van die skooldag, tydens die aktiwiteitsperiode, plaasvind. Die buitemuurse program word elke middag van die week op 'n georganiseerde basis beoefen en aan elke bedrywigheid word 'n bepaalde tyd op die middagprogram toegeken. Deelname aan die buite-kurrikulêre program is in belang van u kind en leerders behoort aan ten minste een somer- en winteraktiwiteit deel te neem. Ouers behoort hulle kinders daartoe aan te moedig.

### 4.1 SPORTSOORTE

| | | |
|---|---|---|
| Atletiek | Netbal | Gholf |
| Tennis | Rugby | Krieket |
| Hokkie | Landloop | Skaak |

### 4.2 VERENIGINGS, KULTUUR EN ANDER

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| VCSV | Toneel | Skoolkoerant | Skaak | Kultuurkomitee |
| Skoolkoor | Musiek | Landsdiens | Kuns | Biblioteek |
| Redenaars | Noodhulp | Leierskursusse | Revue | |

Die leerders kry ook geleentheid tot kulturele verfyning deur o.a. die bywoning van opvoerings, uitstallings, leierskaps- en vakansiekursusse en deur deelname aan kunswedstryde, redenaarskompetisies, die kwartaallikse koerant, toneelfeeste, en olimpiades.

**H/S MONTAGU:** ***POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: 0865447251***
***EPOS:mhsadmin@barvallei.co.za WEBWERF: www.hsmontagu.co.za***

## 5. SKOOLDRAG

### 5.1 SEUNS

- Swart baadjie, skooldas, wit hemp, grys broek (winter)
- grys broek; wit hemp (somer)
- skoolkouse (grys kouse)
- swart skoolskoene (met veters)
- swart trui
- voorgeskrewe swart handskoene en/of serp (opsioneel in die winter)

### 5.2 DOGTERS

- Groen romp; wit hemp; wit sokkies swart skoolskoene met veters (somer)
- Groen romp; wit hemp; swart baadjie; skooldas; swart kouse (winter)
- swart trui
- voorgeskrewe handskoene en/of serp (opsioneel in die winter)
- grys langbroek (winter) met grys kouse (opsioneel)

### 5.3 LEWERANSIERS

Die drag volgens die voorgeskrewe vereistes is verkrygbaar by die volgende sake-onderneming: Carina's Boutique, Badstraat, Montagu (023 - 6142110)

### 5.4 BOEKTASSE

Die boektas is deel van 'n leerder se skooluniform en moet dus onberispelik netjies vertoon. Dit moet 'n stewige tas wees, sodat boeke nie beskadig word daarin nie. Die boektasse mag slegs donker groen/swart/donkerblou van keur wees en mag nie helder neonkleure bevat nie. Slegs die naam van die leerder mag op die skooltas aangebring word.

## 6. VERVOER: ASHTON-LEERDERS

Leerders van Ashton word daagliks per bus na en van Montagu vervoer. Vir sportoefeninge en ander buitemuurse bedrywighede word 'n skoolbus beskikbaar gestel om Ashton-leerders terug te neem. Vir die daaglikse vervoer van leerders word busgeld per maand betaal, volgens voorgeskrewe tariewe, soos vasgestel deur die Beheerliggaam. Vir verdere inligting skakel die sekretaresse by 023-614 1390.

## 7. SKOOLKOSHUIS

Die skool beskik oor 'n koshuis wat tot 80 koshuisgangers kan huisves. Slegs leerders uit ons omgewing word gehuisves. Die koshuis sluit elke naweek. Vir verdere inligting skakel die koshuismoeder, mev. Elizabeth Myburgh by 023 - 6141280.

**H/S MONTAGU:** ***POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: 0865447251***
***EPOS:mhsadmin@barvallei.co.za WEBWERF: www.hsmontagu.co.za***

## 8. PERSONEEL

| | | |
|---|---|---|
| Skoolhoof | Mnr T Prins: | B.Comm., H.O.D. |
| Adjunk-Hoof | Mnr B F Kotzé: | B.Sc., H.O.D. |
| Departementshoof | Mev I Kriel: | B.A., H.O.D., Dip. Rem. Ond. |
| Onderwysers | Mnr J Olivier: | B.A. (MBK), N.O.S. |
| | Mev EE Joubert: | B.Sc., N.O.S. |
| | Mej M Joubert: | B.Ed. |
| | Mev A D Pieterse: | N.H.O.D. (Handel), A.C.E. (Ekon. Wet.) |
| | Mnr M Roos: | B.A. (MBW), H.O.D. |
| | Mev E Rossouw: | H.O.D. (Lig. Opvoed.) |
| | Mnr P Muller: | B.Ed. |
| | Mej E van der Spuy: | B.Ed. VOO |
| | Mnr A Metelerkamp: | B.A, N.O.S. |
| | Mev J Beukes: | B.Sc. (Bosbou), N.O.S. |
| | Mev S Burger: | B.A (Sportwetenskap), N.O.S. B.Ed (Nagraads). |
| | Mev I van Heerden: | B.A.(Ed) |
| | Mev W Smidt: | B.A. Beeldende Kunste (Ed), M.A. Visuele Kunste (Ed) |
| | Mev L van Rensburg: | B.Com.(Ed) |
| | Mev A R van Niekerk: | B.A., H.O.D. |
| | Mev P Brits: | B.A., H.O.D., B.A. (Hons), M.A. (Afrikaans) |
| | Mev C Burger: | B.A. (Geesteswetenskappe), N.O.S. |
| | Mnr E Odendaal: | B.Com., N.O.S. |